**Woensdag 31 Julie**

| Skrifgedeelte: Johannes 21:1-25 | Fokusgedeelte: Johannes 21:15-19 |
|---|---|

## Volg Christus omdat jy Hom liefhet

Jesus se optrede teenoor Petrus is vir ons vreemd. Hoekom vra Jesus drie keer vir Petrus of hy Hom liefhet? Is een keer nie genoeg nie?

Kyk hoe mooi werk Jesus met Petrus: Toe Jesus verhoor is, het Petrus drie keer gesê dat hy nie vir Jesus ken nie. En toe Petrus besef het dat hy vir Jesus verloën het, het hy bitterlik gehuil.

Daarom vra Jesus drie keer vir Petrus of hy vir Hom liefhet. Petrus kry geleentheid om drie keer sy liefde te bely. Daardeur kry Petrus die sekerheid dat hy werklik vir Jesus lief is, en dat Jesus hom vergewe het.

Daar is nog iets wat opvallend is aan Jesus se optrede. Na Petrus se eerste antwoord, sê Jesus vir Hom: "Laat my lammers wei." Na Petrus se tweede antwoord, sê Jesus: "Pas my skape op." En na sy derde antwoord sê Jesus: "Laat my skape wei."

Nadat Petrus sy absolute lojaliteit teenoor Jesus verklaar het, berei Jesus hom voor vir wat vir hom wag. As jongman sal Petrus sy werk in vryheid kan doen. Maar as ou man sal sy hande vasgemaak word en hy sal gebring word waar hy nie wil wees nie. Later in sy lewe sal Petrus ly en sterf, en hy sal Jesus daardeur verheerlik. Maar in alles wat nog gaan gebeur, moet Petrus vir Jesus volg omdat hy Hom liefhet.

Die groot vraag is dus of ons Hom regtig liefhet? Want Jesus alleen is die weg en die waarheid en die lewe! Het ons Hom so lief dat ons Hom sal volg, maak nie saak wat vorentoe met ons gebeur nie?

Om Jesus regtig lief te hê, beteken om Hom alleen te volg en om ook om Jesus se lammers en skape op te pas.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2*

*Ds. DG Zwemstra (Dinant) (Strand)*